higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T110**(A)**(A7)T

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# BOUADMINISTRASIE N6

(4090056)

**7 Augustus 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BOUADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

---

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Volgens die ... word werkers en hul families vergoed vir beserings of dood aan diens.

A Wet op Werkloosheidsversekering
B Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes
C Bedryfswet
D Wet op Vakleerlingskap

1.1.2 Werksomstandighede soos werksure, verlof, ensovoorts, word in die ... ingesluit.

A Wet op Menseregte
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes
C Wet op die Handves van Regte
D Memorandum

1.1.3 Werknemers wat hul werk verloor, word volgens die ... vir die verlies aan inkomste vergoed.

A Wet op Vakleerlingskap
B Wet op Werkloosheidsversekering
C Bedryfsraadwet
D Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes

1.1.4 Die wet wat die opleiding van ambagslui reguleer:

A Wet op Vakleerlingskap
B Bedryfsraadwet
C Hoofooreenkoms
D Wet op Werkloosheidsversekering

1.1.5 Wet op die gesondheid en veiligheid van mense betreffende die gebruik van toestelle en masjinerie:

A Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes
C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes
D Bedryfswet

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Definieer elk van die volgende terme:

1.2.1 Arbiter

1.2.2 Arbitrasie

(2 × 2) (4)

1.3 Gee DRIE redes vir arbitrasie. (3 × 2) (6)

**[20]**

**VRAAG 2**

2.1 Die opstel van 'n program (programmering) is belangrik vir die uitvoering van take.

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Wanneer 'n program opgestel word, is dit belangrik om onvoorsiene omstandighede in ag te neem.

2.1.2 Die meesterprogram en die algehele/oorhoofse program het dieselfde betekenis.

2.1.3 Die daarstelling van 'n gebalanseerde span is 'n voorvereiste vir hoë produksie.

2.1.4 Vakansieperiodes moet ook in die algehele/oorhoofse program getoon word.

2.1.5 Die meesterkaart is 'n gedetailleerde program.

2.1.6 'n Gantt-kaart is 'n staafgrafiek.

2.1.7 'n Program toon die volgorde van bedrywighede en die totale uitsetkoerse/uitsettempo's wat van arbeid en die aanleg vereis word.

2.1.8 'n Afdelingsprogram verg 'n meer gedetailleerde benadering.

2.1.9 'n Weeklikse program neem nie tyd in ag nie.

2.1.10 Daar is geen logika of stelselmatige benadering vir 'n program nodig nie.

(10 × 1) (10)

2.2 Noem VYF kenmerke/eienskappe van 'n goeie toesighouer in 'n boufirma. (10)

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

3.1 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.6) in die antwoordboek neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Gemagtigde kapitaal | A | erkenning van geld wat geleen is |
| 3.1.2 | Uitgegewe/uitgereikte kapitaal ('issued capita'l) | B | gedeelte van uitgegewe kapitaal wat in werklikheid deur intekenaars opgevra en opbetaal is |
| 3.1.3 | Uitgegewe/uitgereikte kapitaal ('subscribed capital') | C | gedeelte van uitgegewe kapitaal wat in werklikheid opgevra is |
| 3.1.4 | Opgeroepte kapitaal | D | bestaan uit die gedeelte van die gespandeerde kapitaal wat in werklikheid deur die publiek opgeneem is |
| 3.1.5 | Gestorte kapitaal ('Paid-up capital') | E | gedeelte van 'n maatskappy se gemagtigde kapitaal wat aan die publiek uitgereik is vir inskrywing |
| 3.1.6 | Obligasies (skuldbriewe) | F | maksimum hoeveelheid kapitaal wat 'n maatskappy volgens sy memorandum mag uitreik |

(6 × 2) (12)

3.2 Definieer elk van die volgende terme:

3.2.1 Koste plus vaste tarief

3.2.2 Koste-plus-kontrak

3.2.3 Enkelbedragkontrak waar hoeveelhede nie deel van die kontrak uitmaak nie

3.2.4 Enkelbedragkontrak waar hoeveelhede deel van die kontrak uitmaak

(4 × 2) (8)
**[20]**

## VRAAG 4

4.1 Noem VYF uitgawes en VYF inkomstes wat in boukontrakte betrokke is. (10)

4.2 Verduidelik kortliks die funksies van elk van die volgende persone op 'n bouperseel:

4.2.1 Argitek

4.2.2 Werkeklerk

4.2.3 Bourekenaar

4.2.4 Struktuuringenieur

4.2.5 Inspekteur

(5 × 2) (10)
**[20]**

## VRAAG 5

5.1 Verduidelik enige VYF funksies van 'n inspekteur ten opsigte van beroepsgesondheid en veiligheid in die werkplek. (10)

5.2 Gee VYF opskrifte waaronder menslike behoeftes volgens Maslow se hiërargie van behoeftes geklassifiseer word. (10)
**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou